

# ATKV-betrekkings

ATKV-Eiland Spa

## Besprekings- en ontvangsklerk

Die ATKV is 'n dinamiese en snelgroeïende Afrikaanse taal- en kultuurorganisasie en het 'n vakature vir 'n ervare besprekings- en ontvangsklerk by sy vakansieoord, ATKV-Eiland Spa.

Die ATKV volg 'n gelyke-indiensnemingsbeleid.

### Vereistes

- Ten minste 'n graad 12-sertifikaat, met ondervinding as ontvangs- en besprekingsbeampte.
- Ondervinding in 'n kontaksentrum (inkomende telefoonoproep).
- Ondervinding in 'n kliëntediensrol.
- Rekenaarvaardig, spesifiek in besprekingstelsels en die Microsoft-produkreeks. Kennis van INNkeeper sal tot voordeel van die kandidaat wees.
- Goeie administratiewe vaardighede, menseverhoudings en onderhandelingsvermoë.
- Goeie taalvaardigheid en kommunikasievermoë in Afrikaans en Engels.
- Bereidwilligheid om nauurs te werk vir die inboek van kliënte en die hantering van klagtes en probleme.

### Vernaamste verantwoordelikhede

- Die neem van, maak van en opvolg op besprekings by die oord.
- Die hantering van aanlyn besprekingsnavrae en administrasie.
- Die invordering van uitstaande deposito's.
- Die ontvangs en inboek van kliënte en gaste.
- Die administrasie van besprekings en vaslegging van rekords op die rekenaarstelsel.

As jy graag vir so 'n dinamiese organisasie wil werk, stuur jou volledige CV aan:

Alida Heydenrych by [ESBetrekkings@atkv.org.za](mailto:ESBetrekkings@atkv.org.za)

Sluitingsdatum: **25 September 2023 voor 12:00.**

Gebruik asseblief **ESADMIN05** as verwysing.

**Geen behuising word verskaf nie.**

**As jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**



[www.atkvoorde.co.za](http://www.atkvoorde.co.za)



ATKVOORDE



atkvoorde



ATKV-oorde

